ABI COKE – ROODEPOORT RUGBYKLUB
JAARLIKSE TOERNOOI VIR HOËRSKOLE – 2009

Aan alle Rugby-organiseerders van deelnemende skole.

Baie dankie dat u skool vanjaar aan hierdie besondere rugby toernooi gaan deelneem. Dit is vanjaar die vier en twintigste keer dat die toernooi aangebied sal word.

Die bestuur wens die volgende onder u aandag te bring:

1. Net bona-fide leerders, eie aan die betrokke skool, wat 18 jaar of jonger is en wat in die jaar 1991 of daarna gebore is mag deelneem – mits hulle vanjaar in graad 11 of in 'n laer graad is. M.a.w. op 1 Januarie 2009 moet 'n speler 17 jaar of jonger wees.

2. Neem asb. kennis dat elke skool wat vanjaar deelneem 'n toernooifooi van R 300 per span aan die begin van die toernooi by die Roodepoort Rugbyklub se kantoor moet inbetaal. Hierdie fooi sal ook 'n spanfoto van elke skool insluit. Maak asb. die tjek betaalbaar aan ABI Coke Rugby. Gelde word by die wedstrydbeampte inbetaal - maar kan ook elektronies afgehandel word. Bewys van inbetaling moet by die wedstrydbeampte inbetaal word. Rekeningnommer 4054814198 - Key West ABSA Taknommer: 630941

3. Spanlyste:
   Dit moet asseblief volledig voltooi word.
   - 3.1 Naam: Gert van Zyl (Verstrek asb. die speler se noemnaam).
   - 3.2 Geboortedatum (korrek).
   - 3.3 Graad (vanjaar).
   - 3.4 U teken asook die hoof, of sy gemagtigde verteenwoordiger.
   - 3.5 Spanlyste word vooraf, by die skool met die skool se amptelike stempel en gesertifiseer deur die hoof, by die kantoor (wedstrydbeampte) ingehandig.

4. Dieselfde prosedure geld vir skole wat by uitspeelwedstryde betrokke gaan wees.

5. Nomineer slegs spelers wat moontlik in 'n verteenwoordigende span opgeneem kan word.

6. Uitslagkaarte: Afrigters van albei skole moet die uitslagkaart byhou en direk na afloop van die wedstryd by die wedstrydbeampte inhandig. Indien afrigters nie kans sien om die verslagkaarte persoonlik by te hou nie, beveel ons aan dat u 'n betroubare persoon aansê om dit namens u te doen.

7. Speler van die wedstryd: Daar sal vanjaar weer so ‘n toekenning gemaak word. Die aankondiging sal voor die einde van die wedstryd gemaak word en die wenner moet na afloop van die wedstryd by die kantoor by die wedstrydbeampte rapporteer.

8. Wees asb. betyds vir die loting 10 minute voor die aanvang van die wedstryd waaraan u gaan deelneem.

9. Ons vertrou dat dit nie nodig sal wees om die uiteensetting van Punt L van die kompetisie-reëls – dissipline en tug - toe te pas nie. Motiveer u spelers positief, laat ons onaangenaamhede en ongeoorloofde spel vermy en laat wedstryde in ‘n goeie gees plaasvind.

10. Die toernooi begin amptelik die 27e Julie 2009

11. Slegs Powerade en Coke waterbottels en rakkies sal toegelaat word.

12. Ons vertrou dat die reeks weereens ‘n sukses sal wees en dat u spelers hul deelname sal geniet.

Dankie vir u samewerking.
Gerhard Brand
NAMENS DIE REËLINGSKOMITEE

ROODEPOORT RUGBYKLUB
ABI COKE SE JAARLIKSE RUGBYTOERNOOI VIR HOËRSKOLE

REËLS EN REGULASIES (2009)

Hiermee voorsien ons die reëls vir die hoërskole se kompetisie wat sal geld vir die vier en twintigste ABI Coke Rugbyreeks wat vanaf 27 Julie tot 21 Augustus 2009 deur Roodepoort Rugbyklub in samewerking met ABI Coke, op sy velde aangebied sal word.

Die kompetisiekomitee vir die toernooi bestaan uit 5 lede saam met verteenwoordigers van Roodepoort Rugbyklub, verteenwoordigers van ABI Coke, die Bestuurder – Skole en Junior Rugby van die Leeus Rugby Unie,'n verteenwoordiger van die GLHRU en die hoof-ontwikkelingsbeampte van die GLRU.

Skole wat by hulle onderskeie erkende rugby unies, en dus ook by SARU geaffilieer is, sal aan die toernooi deelneem

A POELSTELSEL

Die spanne wat die uitnodiging aanvaar het, word in poele van ongeveer 4/5 spanne elke ingedeel. (Afhangende van die aantal skole wat sal deelneem.) Elke span sal teen elk van die ander spanne in sy poel speel, met ander woorde minstens 3 wedstryde elk, afhangende van die grootte van die poel.

Daar sal vanjaar 'n A,B en C kompetisie wees .Afdeling C bestaan o.a. hoofsaaklik uit die sogenaamde Coke-light spanne en hulle vorm nie deel van die kompetisie. nie, en speel vriendskaplike wedstryde.Klubspanne is welkom om deel te neem maar vorder nie na die uitspeelrondtes nie. [Die kompetisiekomitee behou hom die reg voor ten opsigte van die indeling van bogenoemde].

Die boonste drie spanne in elke poel sal deurgaan na die volgende rondte wat op 'n uitklop-grondslag gespeel sal word. Die kompetisiekomitee behou hom die reg voor t.o.v. die bepalings van die Agt poelspanne in elk van Afd A, B en C, sal deurdring na die uitspeel- en finale rondtes. Die uitspeelprosedure sal uiteengesit word in die bepalings.

B SPANNE WAT GELYKOP EINDIG

Poelfase:
Om te probeer voorkom dat twee spanne in 'n poel gelykop eindig, sal die punte-toekenning in die Poel-ligawedstryde soos volg wees: 4 punte vir wen, 2 vir gelykop en 0 vir verloor, met 1 bonuspunt vir die verloorspan indien die punteverskil 7 punte of minder is, en 1 bonuspunt vir 4 en meer drieë.

Waar twee spanne in die Poelfase egter steeds gelyk eindig in 'n poel sodat daar nie besluit kan word watter span na die uitkloprondte deurdring nie, sal die volgende reëls geld:

Die span met die beste NETTO DRIEË telling (drieë vir minus drieë teen) dring deur. As hierdie telling ook gelyk is, sal die span wat die beste netto punte verskil in die poelfase aangeteken het, deurdring. Hier word die vervyfskoppe, skepskoppe en strafskoppe ook in berekening gebring. Indien dit ook gelykop is, sal die span wat in sy wedstryd die

ander een met wie hy om ‘n plek meeding, geklop het, deurgaan na die volgende ronde. Indien dié westryd gelykop was, geld die uiklopfase se reël (v) om die wenner te bepaal.

Uitklopfase

Waar spanne in die uitspeelrondtes en die uitklopreeks gelykop eindig, geld die volgende reëls in volgorde:

(i) Die span wat die meeste drieë gedruk het in die betrokke wedstryd wen die wedstryd.

(ii) Indien dit gelykop is, dring die span wat die eerste drie gedruk het deur.

(iii) Indien geen drieë gedruk is nie, sal die span wat eerste punte aangeteken het, hetsy deur middel van ‘n strafskop of skepskop, die wenner wees.

(iv) Indien geen punte aangeteken is nie, sal elke span 3 skoppe pale toe mik – plekke van waar skoppe geneem sal word, sal deur komitee bepaal word.

(v) Wanneer al bogenoemde reëls toegepas is en daar nog ‘n gelykop beslissing is sal die wenner deur middel van loting plaasvind met ander woorde deur die opskiet van ‘n muntstuk.

(vi) Om te verseker dat hierdie reëls toegepas kan word, sal die afrigters saam met die skeidsregter ‘n getekende uitslagkaart inhandig waarop die tyd van aantekening van die eerste drie, aangebring moet word.

(vii) Geen wedstryd sal voortgaan nadat ‘n punteverskil van 50 punte bereik is nie. In die geval waar ‘n verdoelde drie egter die verskil na 52 punte neem, sal die punte vir doeleindes van die kompetisie geag word 50 te wees vir doeleindes waarna hierbo in die poelfase se reëls verwys is, om die wenner te bepaal.

C OUDERDOMME EN AANTAL SPELERS

Aantal spelers

Elke span sal vir elke wedstryd uit vyftien spelers en 7 plaasvervangers bestaan. Die borg sal in totaal slegs‘n span van 22 spelers , ‘n bestuurder en 2 afrigters borg, ongeag of die span in die loop van die toernooi van meer spelers gebruik maak.

Spelers mag in die loop van ‘n wedstryd vervang word.

Indien ‘n spelers bloei, mag hy vervang word vir die tydperk wat hy van die veld is. LW die plaasvervangerreël is presies soos vir alle ander wedstryde gespeel onder die geldende internasionale reëls.

Ouderdomme

Ouderdomsbepaling sal uiters streng toegepas word. **Net spelers wat in die jaar 1991 of daarna gebore is** (wat dus 17 jaar of jonger was op 1 Januarie vanjaar) mag deelneem, **mits hulle vanjaar in graad 11 of in ‘n laer graad is.**

D WEDSTRYDTYE

Wedstryde sal stiptelik volgens program begin en beperk word tot **55 minute** (25 minute per kant plus 5min. rustyd) wat daarvoor opsy gesit is, Indien ‘n span laat sou wees en dit sou die perk van **10 minute** oorskry, sal daar op die meriete van die span se verskoning ingegaan word. Die komitee sal dan besluit of die wedstryd gespeel sal word al dan nie, en indien wel, wanneer, in welke geval die beslissing van die komitee finaal sal wees. Indien rede ongeldig blyk te wees, kan die betrokke span die punte vir die betrokke wedstryd verbeur. Opponente sal geen inspraak in die besluitnemingsproses hê nie.Sou n wedstryd voortgaan soos bepaal sal die speeltyd dienooreenkomstig aangepas word.

Geen beseringstyd sal toegelaat word in die poelfase nie behalwe in die geval van ‘n heel ernstige besering soos bv. ‘n nekbesering wat met groot omsigtigheid deur die noodhulppersoneel behandel sal word.

E **TOEGANGSGELD**
R10-00 per volwassene, R10 per voertuig en kinders gratis

F Uitnodigings word reeds aan die einde van Junie gerig.

G Skole word vriendelik versoek om spanne **met nommers op hulle truie** te laat speel, vir program- en keuringsdoeleindes. Indien dit nie gebeur nie, sal sulke spanne se spelers nie oorweeg kan word vir die Coke-spanne of ander toekennings nie.

H Daar sal na afloop van die toernooi ‘n ABI Coke-span gekies word, asook ‘n Roodepoortrugbyklub Uitnodigingspan,wat uitsluitlik sal bestaan uit spelers uit die GLRU streek.

I Loting geskied 10 minute voor die aanvang van die wedstryd.

J Wedstryde sal stiptelik volgens geskeduleerde tyd geskied. Spanne moet **dadelik** van die veld afkom na afloop van hul betrokke wedstryde.

K Skeidsregters en vlagmanne word, waar moontlik, deur die Unie aangewys. Indien daar nie ‘n lynregter van die GLHRU is nie, moet ‘n verantwoordelike **volwassene** as lynregter aangewys word. Afrigters en skoliere mag nie as lynregters optree nie.

L **DISSIPLINE EN TUG**

(i) Indien ‘n speler hom skuldig sou maak aan blatante vuilspel en deur die skeidsregter afgejaag word, dus ‘n rooikaart kry, sal hy na ‘n verhoor, deur die komitee, vir die volgende EEN wedstryd van die toernooi geskors word.

(ii) Skeidsregters sal dan ook van ‘n geelkaart-stelsel en die koelkasreël,van 5 min.gebruik.

(iii) Sou ‘n speler in die loop van die toernooi twee rooikaarte ontvang, sal die komitee hom dan ook vir die res van die toernooi skors.

(iv) Skeidsregters handig direk na afloop van ‘n wedstryd, skriftelik ‘n verslag in by die komitee sou hy ‘n speler met ‘n rooikaart van die veld gestuur het.

(v) Indien ‘n span ‘n speler insluit wat nie aan die vereiste o/18 jaar en graad 11 (st 9) voldoen nie, sal só ‘n span alle punte tot op daardie stadium verdien, verbeur.

M **SPANLYSTE EN VERSLAGKAARTE**

(i) Spanbestuurders moet die **volledig-voltooide spanlys** aan die wedstryd beampte vooraf by die kantoor inhandig. (Voorbeeld hierby aangeheg – geliewe u eie afskrifte te maak). Spanlyste moet vir **elke wedstryd** volledig voltooi word. Gee asseblief die seuns se noemname.

(ii) Verslagkaarte soos bygehou, word direk na afloop van elke wedstryd aan die administratiewe beampte aan diens, ingehandig ook die skole wat by die uitspeelrondtes betrokke is.

N **Deelname** word beperk tot 1 span per skool vir deelname aan die kompetisie. Sou ‘n skool ‘n tweede span inskryf, is dit nie vir kompetisie deelname nie.

O Daar mag slegs van 3 waterdraers per span gebruik gemaak word, soos in alle ander kompetisies.

P Roodepoort Rugbyklub sal sekuriteitswagte by die parkeerarea voorsien.

Q NOMINASIES

Afrigters word gevra om spelers te nomineer wat **moontlik** kwalifiseer, volgens hulle oordeel, vir die Cokespan.

R Daar sal na afloop van elke wedstryd ‘n **speler van die wedstryd** aangewys word. Die speler sal ‘n sertifikaat ontvang en moet die speler by die kantoor reëlings tref vir die afhaal daarvan. Die volgende addisionele toekennings word aan die einde van die toernooi gemaak:
Voorspeler van die Toernooi,
Agterspeler van die Toernooi,
Trofee aan die span wat die meeste drieë, tot en met die uitklopfase, gemiddeld per wedstryd gedruk het

S Sou daar van ‘n nuwe speler gebruik gemaak word wat nie in die oorspronklike groep van 22 was nie, moet bewys van ouderdom en geboortedatum voorgelê word.

T Indien ‘n span vir ‘n wedstryd onttrek of nie opdaag nie, sal die opponente volpunte vir ligadoeleindes verdien, dit wil sê 5. Sodanige skool wat ontrek sal beboet word met die bedrag van **R200-00**.

U Deelnemende spanne moet ‘n toernooi fooi van **R300**per span, by die wedstrydbeampte inbetaal. Die toernooifooi word inbetaal by die kantoor voor die aanvang van die eerste wedstryd. Tjek word uitgemaak aan ABI Coke Rugby, Rekeningnommer 4054814198 - Key West, Taknommer 630941 sou u ‘n elektronieseinbetaling wou maak.

V Parkering

Skoolbussies moet asb.van die parkeerarea agter die pale aan die suidekant (klubhuis) van die rugbyveld gebruik maak.

W Spelers mag nie in die loop van die toernooi van skole verwissel nie d.w.s. hy mag nie vir span X en later in die toernooi vir span Y speel nie
.

5838hit/word